

Wêreldvoedseldag: Volhoubare voedselstelsels te midde van die COVID-19-pandemie

Xikombiso Mbhenyane & Bertrand Ayuk*

Die viering van Wêreldvoedseldag (16 Oktober) vra vir wêreldwye solidariteit om alle volke, en veral die kwesbaarstes, te help om van die COVID-19-krisis te herstel, en om voedselstelsels veerkragtiger en sterker te maak sodat hulle toenemende onbestendigheid en skokke kan weerstaan, bekostigbare en volhoubare diëte vir almal en ordentlike lewensbestaan kan verskaf.

Die uitwerking van die pandemie op openbare gesondheid wêreldwyd het tot toenemende kommer en onsekerheid gelei. In reaksie hierop het verskeie regerings 'n reeks maatreëls ontwikkel en in werking gestel om die verspreiding van die virus te bekamp en om die kromme laag te hou. Hierdie maatreëls sluit sosiale afstandshepping, beperkings op beweging en die tydelike sluiting van die meeste werksplekke en winkels in, wat aansienlike logistieke uitdagings vir onder meer voedselverskaffingskettings ingehou het.

Wêreldwye voedselkettings is nie direk deur COVID-19 beïnvloed nie, behalwe deur die afwisselende sluiting van voedselverwerkingsaanlegte in sommige lande weens werkers wat siek geword het en die ontwrigting in voedselvervoer weens die sluiting van grense soos Stephen Devereux en sy medeskrywers in artikel in *Food Security* (2020) daarop wys. Onlangse voorspellings deur verskeie agentskappe van die Verenigde Nasies soos die Voedsel- en Landbou-organisasie, die Internasionale Fonds vir Landbou-ontwikkeling, die VN se Kinderfonds, die Wêreldvoedselprogram en die Wêreldgesondheidsorganisasie het aan die lig gebring dat sowat 130 miljoen mense wêreldwyd teen die einde van die jaar deur die pandemie in chroniese hongersnood gedompel kan word. Vooruit beskou, wil dit lyk of Afrika die ergste getref sal word met huidige aanwysers wat daarop dui dat meer as die wêreld se chroniese hongermense teen 2030 in Afrika sal woon.

Ons het gesien dat verskeie regerings wêreldwyd inperkings- en afsonderingsmaatreëls ingestel het. In Suid-Afrika is die landswye staat van inperking in vyf vlakke geïmplementeer met die ergste vlak vyf wat die algehele sluiting van sakeondernemings behels het, met beperkte dienste wat deur persoonlike vervoer verskaf is om noodsaaklike werkers soos gesondheidswerkers en voedselverskaffers te ondersteun en vir een persoon per huishouding om te gaan kos koop.

In hul onlangse artikel in *Global Food Security* (2020), redeneer Channing Arndt *et al* dat hoewel hierdie reël as sosiale afstandsheppingstrategieë bedoel was, dit onbewustelik die voedselverskaffingsketting aan arm huishoudings belemmer het. Dit is feitlik seker dat die totale aantal onseker huishoudings in 2020 sal styg weens die inperkingsmaatreëls wat die vervoer van goedere en materiale belemmer het, voedselproduksie verminder het weens die gebrek aan insette en arbeid en onderbroke voedselverskaffingskettings en handel, aldus die Chinese vakkundiges Shenggen, Wei Si en Yumei Zhang in hul artikel wat in *China Agricultural Economic Review* (2020) verskyn het.

Die vernaamste bepaler van voedselonsekerheid in Suid-Afrika is toeganklikheid tot voedsel, wat van finansiële bronne afhang. Die ekonomie is swaar getref deur die COVID-19-reaksies, wat tot werkverliese en die inkrimping van die ekonomie gelei het. Baie mense het dus hul lewensbronne verloor, wat hulle aan die risiko van voedselonsekerheid blootstel. Daar is aangedui dat die voedselverskaffingsketting in Suid-Afrika as noodsaaklik beskou is. Dit het daartoe gelei dat beide die formele en informele voedselsektor gedurende die staat van inperking toegelaat is om sake te doen. Verder was daar bedoelings om die landbousektor en huishoudings deur spesiale noodhulpptoelaes en hulp vir sakeondernemings by te staan. Die werklikheid is dat die koopkrag van baie huishoudings negatief geraak is. Gevolglik mag voedselonsekerheid in die toekoms toeneem.

Gegewe die bykomende uitdagings wat deur die pandemie op ons afgeskuif is, is dit verblydend dat die Verenigde Nasies se Wêreldvoedselprogram die 2020 Nobelvredesprys ontvang het vir sy pogings om honger te bekamp en om toestande vir vrede in konflikgebiede te verbeter. Dit beklemtoon die belangrike bydrae wat voedsel tot vrede en stabiliteit in die wêreld maak. Die wêreldgemeenskap moet dus hul hulpbronne saamgooi om te verseker dat die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 2 (en die verwante teikens) teen 2030 bereik word: Beëindig hongersnood, bereik voedselsekerheid en verbeterde voeding en bevorder volhoubare landbou. Daar is nie meer baie tyd oor om dit 'n werklikheid te maak nie.

***Prof Xikombiso Mbhenyane is 'n professor en bekleër van die navorsingsleerstoel in Voedselomgewings, Voeding en Gesondheid in die afdeling Menslike Voeding by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Dr Bertrand Ayuk is 'n postdoktorale genoot in dieselfde afdeling.**